
Welkom by ons
Kersdiens

Ons kom vandag voor God wat nie ver bly nie, maar naderkom, wat lig laat opgaan in die donker en mense op reis stuur na hoop. Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het

Genade vir julle en vrede
van **God ons Vader**, wat ’n ster laat
opkom het oor die wêreld,
en van **Jesus Christus**, die Lig wat in die
duisternis kom skyn het,
en die **Heilige Gees** wat ons oog
oopmaak om sy Lig in die donker van die
wêreld te sien en te wys.



**Laat ons Jubel (Verdi – Nabucco)**

Laat ons jubel en juig oor die Jesuskind
Hy’t gekom tot die redding van die wêreld.
Bring dan hulde, die Heer is ons Koning
na die aarde om ons te bevry van sondemag.
In ’n stal in Betlehem is Hy gebore,
in ’n krip lê Maria en Josef Hom saggies neer.
Bring dan hulde, die Heer is ons Koning
Na die aarde om ons te bevry van sondemag

Hy is ewige Heer, Vredevors, Immanuel
Opperheer, sterke God, grote Vader
Hy is ewige Heer, Vredevors, Immanuel,
Opperheer, sterke God wat triomfeer
Jesus, Heer, U’s my ewige Koning
By my Vader, my ewige woning

Bring dan hulde, die Heer is ons Koning
Na die aarde om ons te bevry
Van sondemag
Laat ons jubel en juig
Oor die Jesuskind
Laat ons jubel en juig
Oor die Jesuskind
Vredevors, Ewig my Heer!

# HALL 40:1,2

Betlehem ster, o wonderlig,
heerlik', lieflike gesig!
Wyse manne kom van ver;
Betlehem ster, o lieflike ster! (x2)

Refrein: Betlehem ster, lieflike ster,
leidsman na Jesus,
o lieflike, lieflike ster

Betlehem ster, wil ook vir my
Na die Jesuskind toe lei,
Want ek soek en kom van ver;
Betlehem ster, o lieflike ster! (x2)

Refrein: Betlehem ster, lieflike ster,
leidsman na Jesus,
o lieflike, lieflike ster




Deelgemaak van Jesus
se stamboom
Advent 2025

# Matteus 2:1-12



1. Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom 2. en gevra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.”

3. Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld. 4. Hy het toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar geroep en hulle uitgevra oor waar die Christus gebore sou word.

5. Hulle het hom geantwoord: "In Betlehem in Judea, want so is dit deur 'n profeet geskrywe:

6. "*En jy, Betlehem, gebied van Juda,*

*jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie.*

*Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.* "

7. Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het. 8. Hy het hulle na Betlehem toe gestuur met die woorde: "*Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys.*"

9. Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was. 10. Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. 11. Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. 12. En omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na Herodes toe terug te gaan nie, het hulle met 'n ander pad na hulle land toe teruggegaan.

# Lied 376: 1

Wyses het u ster gesien,
self gegaan om U te dien.
Aan U het hul eer betuig;
by die krip hul neergebuig.
U, ons ster, ons lig, o Heer,
maak ons wys, laat ons U eer.

## L 376:2

Jesus, U aan God gelyk,

U kom na die menseryk.

U, die Heer, het niks ontsien -

U word kneg, U kom ons dien.

Gee aan ons dieselfde gees

om tot diens bereid te wees.



# Lekker om kersgeskenke te kry





# Kersfees - God wys ons hoe sy groot geskenk lyk



Pasop – jy kan sy geskenk miskyk


Wie aan Kersfees dink, dink aan die ster en aan die "wyse manne uit die ooste"
"Put Christ back into Chistmas"


Die kindjie vorm die
middelpunt van ons teks

Vers 1a – Inleiding – **Geboorte aankondiging**

Vers 1b-2 – **Sterrekykers** kom

Vers 1b-2 – **Ster** kom op

Vers 3-4 – **Herodus** ontsteld en roep

Vers 5-6 – **Aanhaling uit skrifte**

Vers 7-8 **Herodus** slinks en stuur

Vers 9-10 – **Ster** lei hulle

Vers 9-10 – **Sterrekykers** bring eer, gee geskenke en gaan terug


Die hele wêreld
kom in beweging


Die skepping (ster)
kom in beweging

# Sterrekykers uit die Ooste kom in beweging




God se mense
beweeg nie

# Kontraste beklemtoon passiwiteit en weersin

**Die groot vreugde van sterrekykers**

teenoor

**Die ontsteltenis van Herodus en die hele Jerusalem**

# Kontraste beklemtoon passiwiteit en weersin

Die Jode se verwerping

teenoor

Die verering van die vreemdes

# Kontraste beklemtoon passiwiteit en weersin

Sterrekykers se soeke om te vereer

teenoor

Herodus se soeke om dood te maak


Wat maak dat mense vandag
nie in beweging kom nie?



# Die sterrekykers se reaksie is belangrik



# Almal kry persente behalwe die een wat verjaar



# Watter geskenk sal jy vir Jesus gee vir sy verjaarsdag?



# Die storie van Aly wat opgegee het op God, di kerk en geloof



# Lekker om kersgeskenke te gee


Om sy ster te sien opkom… hoe reageer jy daarop?

# Gebed



# Lied 358: 1

**Mans**

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis.

# L 358:1 (vervolg)

**Almal**

***Kersfees kom, Kersfees kom -***

***gee aan God die eer.***

***Skenk ons 'n helder Somerkersfees***

***in hierdie land, o Heer.***

# L 358:2

## Vroue

Hoor jy hoe sag die klokke beier
in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

# L 358:1 (vervolg)

**Almal**

***Kersfees kom, Kersfees kom -***

***gee aan God die eer.***

***Skenk ons ‘n helder Somerkersfees***

***in hierdie land, o Heer.***

L 358:3

Almal

Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het -
- ons grootste Kersgeskenk.

# L 358:3 (vervolg)

**Almal**

***Christus kom, Christus kom -***

***gee aan God die eer.***

***Skenk ons ‘n helder Somerkersfees***

***in hierdie land, o Heer.***

Mag die **God** wat ’n ster voor jou laat opgaan,
jou lei wanneer die pad onseker raak.
Mag **Christus**, wat Homself laat vind het
deur soekers, jou vul met aanbidding en hoop.
Mag die **Heilige Gees** jou die moed gee om,
soos die wyse manne, langs ’n ander pad
huis toe te gaan – verander, gehoorsaam en nuut.
Gaan in vrede.
Amen